

Beat

# UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

# Vergelykende Gids 2015

bestmed

Beter leefstyl. Beter gesondheid.

# Beat

## Waarom Bestmed?

Na die 2014-mylpaal en viering van 50 jaar waarin ons die toon aangegee het in die mediesefondsbedryf en die Skema se ledetal sodanig gegroei het dat ons tans die vyfde algehele plek in die land beklee, is Bestmed slaggereed om voort te gaan om ons lede in 2015 met die alombekende Bestmed-aanslag van diens te wees.

As 'n self-geadministreerde skema, het Bestmed nou meer as 92 000 hooflede en bied mediese voordele aan meer as 193 000 lewens. Ons uitgebreide ondervinding en buitengewone kundigheid stel ons in staat om met diensverskaffers te onderhandel ten einde voordele en dienste aan ons lede te bied wat op 'n rand-vir-rand grondslag die beste waarde bied wanneer dit met ander groot oop mediese skemas vergelyk word.

## Die gepaste opsie vir jou

Bestmed begryp dat lede se gesondheidsorgbehoeftes noodwendig sal wissel na gelang van hul ouderdom, huwelikstatus en verskillende verantwoordelikhede en prioriteite. Om voorsiening te maak vir ons lede se behoefte aan keuses en buigsaamheid, het ons tien gesondheidsorgopsies ontwerp wat so gestruktureer is dat dit aan 'n verskeidenheid behoeftes voldoen. Indien jy dus bloot dekking vir hospitaalkostes wil hê of 'n meer omvattende opsie benodig wat aan al jou gesondheidsorgbehoeftes voldoen, wees verseker dat daar 'n gepaste opsie vir jou beskikbaar is.

Die ontwerp van ons Beat-, Pace- en Pulse-produkreekse is gebaseer op ons jarelange betrokkenheid by en gesprekvoering met ons lede. Met inagneming van die aspekte wat lede geopper het, het ons gesondheidsorgdeskundiges daarin geslaag om die insig wat op hierdie wyse verkry is, saam te vat in maklik verstaanbare voordele-opsies wat aan alle behoeftes voldoen.

## 'n Fokus op gesondheid

Jou voortgesette gesondheid en welstand is vir ons uiters belangrik. Daarom bevorder ons op aktiewe wyse met behulp van ons gesondheidsprogram - wat as Health Check bekend staan - 'n meer betekenisvolle en produktiewe leefstyl onder ons lede. Ons doel is om jou by te staan om jou lewe in die algemeen te verbeter deur 'n gesonder leefstyl te kies.

Ons gesondheidsfilosofie bestaan uit vyf basiese beginsels op grond waarvan ons lede aanmoedig om gesonder te leef:

**Wees aktief:**
Maak oefening deel van jou daaglikse roetine en verseker so 'n positiewe verandering.

**Leef veilig:**
Neem verantwoordelike besluite oor jou leefstyl en voorkom sodoende negatiewe gevolge.

**Wees voedselslim:**
'n Gebalanseerde dieët is noodsaaklik vir 'n gesonde liggaam en gees.

**Wees gelukkig:**
Skep en handhaaf 'n gesonde balans tussen jou werk, lewe en huis.

**Wees geldslim:**
Deur ingeligte finansiële besluite in jou lewe te neem, kan jy jou finansiële onafhanklikheid verseker.

## Korporatiewe vennootskappe

Bestmed beskou gesonde vennootskappe as die grondslag vir gesondheidsorg. Ons interaksie met ons korporatiewe kliënte is gevolglik daarop gerig om langtermyn persoonlike verhoudings wat op gemeenskaplike vertroue en integriteit gebaseer is, te vestig en in stand te hou. Voorts is dit daarop gemik om bekostigbare, uitnemende gesondheidsorgoplossings te bied, om toeganklik te wees en persoonlike advies aan alle lede te gee, asook om buigsaam genoeg te wees sodat prosesse maklik verstaanbaar is.

In ooreenstemming met hierdie visie volg Bestmed 'n drieledige benadering om sy beloftes na te kom. Dit bestaan uit Korporatiewe Gesondheid, 'n Kliëntediensprogram asook Administratiewe Dienste. Bestmed se adviseurs is verantwoordelik vir die implementering van hierdie programme by die onderskeie werkgewerorganisasies. Bestmed lewer tans dienste aan meer as 140 werkgewerorganisasies, wat onder andere groot maatskappye, die grootste universiteite in Suid-Afrika en verskeie semi-staatsinstellings insluit.

# Wyse van Skemavoordeelbetaling

| Beat1 | Beat2 | Beat3 | Beat4 |
|---|---|---|---|
| Binne-hospitaaldienste word uit die Skemarisiko betaal en buite-hospitaaldienste is vir die lid se eie rekening. Sommige voorkomendesorg-dienste is uit die Skemarisiko-voordeel beskikbaar. | Binne-hospitaaldienste word uit die Skemarisiko betaal en buite-hospitaaldienste is vir die lid se eie rekening. Sommige voorkomendesorg-dienste is uit die Skemarisiko-voordeel beskikbaar. Sommige dag-tot-dag voordele word uit die spaarrekening betaal. | Binne-hospitaaldienste word uit die Skemarisiko betaal. Sommige dag-tot-dag voordele word uit die Skemarisiko en ander dienste uit die Spaarrekening betaal. Sommige voorkomendesorg-dienste is uit die Skemarisiko-voordeel beskikbaar. | Binne-hospitaaldienste word uit die Skemarisiko en sommige buite-hospitaaldienste eers uit die jaarlikse spaarrekening betaal. Sodra laasgenoemde uitgeput is, word die voordele uit die Skemarisiko betaal. Sommige voorkomendesorg-dienste is uit die Skemarisiko-voordeel beskikbaar. |

# Binne-hospitaalvoordele

**Vanaf 2015 bied Beat1, -2 en -3 'n NUWE netwerkopsie.**

- Bestmed sal binne die Beat-reeks aan lede 'n keuse van netwerkhospitale vir die binne-hospitaalvoordele bied.
- Lidmaatskapkaarte sal aandui dat die spesifieke Beat-opsie 'n netwerkopsie insluit.
- Ledegeldbydraes vir die netwerkopsie sal minder wees as dié wat vir die buite-netwerkopsie betaal word (raadpleeg asseblief die tabel op bladsy 7).
- Sou 'n lid vrywillig kies om nie gebruik te maak van 'n hospitaal wat deel vorm van die netwerk vir die Beat-netwerkvoordeelopsie nie, sal 'n maksimum bybetaling van R5 000 betaalbaar wees vir die vrywillige gebruik van 'n nie-aangewese diesverskaffer.
- Alle ander voordele en limiete is onveranderd.

Let wel: Voordele hieronder vermeld, mag aan voorafmagtiging en kliniese protokolle onderhewig wees.

| | Beat1 | Beat2 | Beat3 | Beat4 |
|---|---|---|---|---|
| **Akkommodasie (hospitaalverblyf) en teaterfooie** | 100% Skematarief. | | | |
| **Ontslagmedikasie** | 100% Skematarief. Beperk tot 7 dae se medisyne. | | | |
| **Behandeling in geestesgesondheids-klinieke** | 100% Skematarief. Beperk tot 21 dae per bevoordeelde. | | | |
| **Behandeling vir chemiese- en middelemisbruik** | 100% Skematarief. Beperk tot 21 dae of R20 400 per bevoordeelde. | 100% Skematarief. Beperk tot 21 dae of R20 600 per bevoordeelde. | | |
| **Konsultasies en prosedures** | 100% Skematarief. ADV-spesialisnetwerk van toepassing indien die afslag-netwerkopsie gekies word. | | | |
| **Chirurgiese prosedures en narkose** | 100% Skematarief. | | | |
| **Orgaanoorplantings** | 100% Skematarief. (Slegs VMV's). Onderhewig aan voorafmagtiging en kliniese protokolle. | | | |
| **Tandheelkunde: Maksillo-fasiale chirurgie beperk tot sekere toestande** | 100% Skematarief. Beperk tot R 9 600 per gesin. | 100% Skematarief. Beperk tot R 9 700 per gesin. | | 100% Skematarief. Beperk tot R 9 800 per gesin. |
| **Prostese (Onderhewig aan voorkeurverskaffer, anders geld limiete en bybetalings)** | 100% Skematarief. Beperk tot R 56 900 per gesin. | 100% Skematarief. Beperk tot R57 500 per gesin. | | 100% Skematarief. Beperk tot R70 200 per gesin. |
| **Prostese - Intern** | Sublimiete per bevoordeelde:<br>▪ Vaskulêr R21 600<br>▪ Pasaangeër (dubbelkamer) R29 600<br>▪ Endovaskulêr - geen voordeel<br>▪ Spinaal R21 600<br>▪ Kunsmatige kussing - geen voordeel<br>▪ Middelvrystellende stent - geen voordeel<br>▪ Maas R7 600<br>▪ Ginekologie/ Urologie R6 200<br>▪ Lensinplantings R4 800 per lens | Sublimiete per bevoordeelde:<br>▪ Vaskulêr R21 800<br>▪ Pasaangeër (dubbelkamer) R29 600<br>▪ Endovaskulêr - geen voordeel<br>▪ Spinaal R21 800<br>▪ Kunsmatige kussing - geen voordeel<br>▪ Middelvrystellende stent - geen voordeel<br>▪ Maas R7 600<br>▪ Ginekologie/ Urologie R6 300<br>▪ Lensinplantings R4 900 per lens | | Sublimiete per bevoordeelde:<br>▪ Vaskulêr R23 100<br>▪ Pasaangeër (dubbelkamer) R38 700<br>▪ Endovaskulêr - geen voordeel<br>▪ Spinaal R23 100<br>▪ Kunsmatige kussing - geen voordeel<br>▪ Middelvrystellende stent R13 000<br>▪ Maas R8 500<br>▪ Ginekologie/ Urologie R6 300<br>▪ Lensinplantings R4 900 per lens<br>▪ Gewrigvervangings:<br>- Heupvervanging en ander groot gewrigte R23 800<br>- Knievervanging R31 600<br>- Kleiner gewrigte R9 700 |
| **Prostese - Ekstern** | Beperk tot R13 800 per gesin. | Beperk tot R13 900 per gesin. | | Beperk tot R16 900 per gesin. |

# Binne-hospitaalvoordele (vervolg)

| | Beat1 | Beat2 | Beat3 | Beat4 |
|---|---|---|---|---|
| **Uitsluitings (Prosteselimiet is onderhewig aan voorkeurverskaffer, anders geld limiete en bybetalings)** | Gewrigvervangingchirurgie (met uitsondering van VMV's). VMV's onderhewig aan prosteselimiete:<br>▪ Heupvervanging en ander groot gewrigte R22 800<br>▪ Knievervanging R28 100<br>▪ Kleiner gewrigte R9 600 | Gewrigvervangingchirurgie (met uitsondering van VMV's). VMV's onderhewig aan prosteselimiete:<br>▪ Heupvervanging en ander groot gewrigte R23 000<br>▪ Knievervanging R28 400<br>▪ Kleiner gewrigte R9 700 | | Nie beskikbaar. |
| **Ortopediese en mediese toestelle** | 100% Skematarief. | | | |
| **Patologie** | 100% Skematarief. | | | |
| **Diagnostiese beelding** | 100% Skematarief. | | | |
| **Gespesialiseerde diagnostiese beelding** | 100% Skematarief. | | | |
| **Onkologie** | Onkologieprogram. 100% Skematarief. | | | |
| **Peritoneale dialise en hemodialise** | 100% Skematarief. | | | |
| **Bevallings** | 100% Skematarief. | | | |
| **Vroedvrou-ondersteunde geboortes** | 100% Skematarief. | | | |
| **Aanvullende dienste** | 100% Skematarief. | | | |
| **Alternatiewe tot hospitalisasie** | 100% Skematarief. | | | |
| **Noodvervoer** | 100% Skematarief. Voorafmagtiging en lewering deur ER24. | | | |
| **Bybetalings** | Bybetaling van R2 400 vir alle endoskopiese ondersoeke indien in 'n privaathospitaal uitgevoer. By enige ander fasiliteit – geen bybetaling. | | | Nie van toepassing. |

# Buite-hospitaalvoordele

Let wel: Sommige dienste wat hieronder vermeld word, mag aan voorafmagtiging en kliniese protokolle onderhewig wees.

| | Beat1 | Beat2 | Beat3 | Beat4 |
|---|---|---|---|---|
| **Dag-tot-dag voordeel** | Nie beskikbaar. | | | L = R9 700, L1+ = R19 300. |
| **Algemene praktisyns- en spesialiskonsultasies** | Geen voordeel. | Spaarrekening. | | Eers uit Spaarrekening. L = R2 400, L1+ = R4 200. (Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| **Basiese en gespesialiseerde tandheelkunde** | Geen voordeel. | Basies: Voorkomende voordeel of spaarrekening. Gespesialiseer: Spaarrekening. | | Eers uit Spaarrekening. Beperk tot L = R4 000, L1+ = R8 000. (Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| **Mediese hulpmiddels, apparate en toestelle** | Geen voordeel. | Spaarrekening. | | 100% Skematarief beperk tot R8 500 per gesin. |
| **Aanvullende dienste** | Geen voordeel. | Spaarrekening. | | Eers uit Spaarrekening. Beperk tot L = R3 600, L1+ = R7 300. (Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| **Wondsorgvoordeel (insl. verbande, behandeling m.b.v negatiewe druk-wondterapie (NDWT) en verwante verpleegdienste – buite-hospitaal)** | Beperk tot R2 500 per gesin. | | | Beperk tot R3 600 per gesin. |
| **VVN-voordele (Kapitasieverskaffer)** | Geen voordeel. | Spaarrekening. | ▪ Konsultasie R290<br>▪ Raam R500 EN<br>- Enkelvisie-lense R150 OF<br>- Bifokale lense R325 OF<br>- Multifokale lense R600<br>▪ Kontaklense R1 000 | ▪ Konsultasie R290<br>▪ Raam R500 EN<br>- Enkelvisie-lense R150 OF<br>- Bifokale lense R325 OF<br>- Multifokale lense R600<br>▪ Kontaklense R1 210 |
| **Diagnostiese beelding en Patologie** | Geen voordeel. | Spaarrekening. | | Eers uit Spaarrekening. Beperk tot L = R2 400, L1+ = R4 900. (Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| **Gespesialiseerde diagnostiese beelding** | Geen voordeel. | Spaarrekening. | 100% Skematarief. Beperk tot R8 100 per gesin. | 100% Skematarief. Beperk tot R12 200 per gesin. |
| **Onkologie** | Onkologieprogram. 100% Skematarief. | | | |
| **Kraamvoordele** | Geen voordeel. | Spaarrekening. | 2 sonars en tot 12 voorgeboorte-konsultasies. | |
| **Rehabilitasiedienste na trauma** | Geen voordeel. | Spaarrekening. | | |

# Medisyne

Let wel: Sommige dienste wat hieronder vermeld word, mag aan voorafmagtiging, kliniese protokolle, formulariums, befondsingsriglyne en die medisyneverwysingsprys (Mediscor Reference Price/MRP) onderhewig wees.

| | Beat1 | Beat2 | Beat3 | Beat4 |
|---|---|---|---|---|
| **CSL-chroniese medisyne** | 100% Skematarief.<br>Bybetaling van 35% vir nie-formulariummedisyne. | | | 100% Skematarief.<br>Bybetaling van 30% vir nie-formulariummedisyne. |
| **Nie-CSL-chroniese medisyne** | Geen voordeel. | | 5 toestande.<br>85% Skematarief. Beperk tot L = R2 600, L1+ = R5 300. Bybetaling van 35% vir nie-formulariummedisyne. | 16 siektetoestande.<br>85% Skematarief. Beperk tot L = R7 200, L1+ = R14 300. Bybetaling van 30% vir nie-formulariummedisyne. |
| **Biologiese en ander hoëkoste medisyne** | Geen voordeel. | | | |
| **Akute medisyne** | Geen voordeel. | Spaarrekening. | | Eers uit Spaarrekening. Beperk tot L = R2 200, L1+ = R4 400.<br>(Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| **Oor-die-toonbankmedisyne (ODT)** | Geen voordeel. | Spaarrekening. | | |

**Weet jy hoe om jou voordele ten beste te gebruik?**

**Vra jou dokter om, waar moontlik, generiese medisyne voor te skryf.**



**Die Beat-reeks bied buigsame hospitaalvoordele met 'n beperkte spaarplan in sommige opsies om buite-hospitaal uitgawes te dek.**

# Voorkomendesorg-voordele

Let wel: Sommige dienste wat hieronder vermeld word, mag aan voorafmagtiging, kliniese protokolle, formulariums, befondsingsriglyne en die medisyneverwysingsprys (Mediscor Reference Price/MRP) onderhewig wees.

| | Beat1 | Beat2 | Beat3 | Beat4 |
|---|---|---|---|---|
| **Voorkomende sorg** | ▪ Griepinentings<br>▪ Longontstekinginentings<br>▪ Pediatriese immuniserings<br>▪ Vroulike voorbehoedmiddels - R1 500 per gesin<br>▪ DBC-program<br>▪ Biometriese sifting | ▪ Griepinentings<br>▪ Longontstekinginentings<br>▪ Pediatriese immuniserings<br>▪ Vroulike voorbehoedmiddels - R1 500 per gesin<br>▪ DBC-program<br>▪ Voorkomende tandheelkunde (handskoene en steriele toerusting ingesluit<br>▪ Biometriese sifting | ▪ Griepinentings<br>▪ Longontstekinginentings<br>▪ Pediatriese immuniserings<br>▪ Vroulike voorbehoedmiddels - R1 500 per gesin<br>▪ DBC-program<br>▪ Voorkomende tandheelkunde (handskoene en steriele toerusting ingesluit)<br>▪ Papsmeer<br>▪ Biometriese sifting | ▪ Griepinentings<br>▪ Longontstekinginentings<br>▪ Pediatriese immuniserings<br>▪ Vroulike voorbehoedmiddels - R1 500 per gesin<br>▪ DBC-program<br>▪ Voorkomende tandheelkunde (handskoene en steriele toerusting ingesluit)<br>▪ Papsmeer<br>▪ HIB-titer<br>▪ Mammogram<br>▪ MPV-immunisering<br>▪ Biometriese sifting<br>▪ Een dieetkundige konsultasie per gesin |

Vrywaring t.o.v. uitsluitings: Algemene en opsie-spesifieke uitsluitings is van toepassing. Raadpleeg ons webtuiste by www.bestmed.co.za vir nadere besonderhede.

# Chroniese siektetoestandelys (CSL- en nie-CSL)

Die Chroniese Siektelys (CSL), soos gepubliseer deur die Raad vir Mediese Skemas, is die 27 gelyste chroniese siektetoestande ten opsigte waarvan mediese skemas verplig is om dekking te verskaf vir die diagnose en mediese bestuur asook medisyne daarvoor. Nie-CSL-chroniese siektetoestande is bykomende toestande waarvoor Bestmed chroniese medisynedekking verskaf. Goedkeuring van CSL- en nie-CSL-chroniese medisyne is, waar van toepassing, onderhewig aan kliniese befondsingsriglyne en -protokolle, formulariums en aangewese diensverskaffers (ADV's). Die lys van CSL- en nie-CSL-siektetoestande waarvoor Bestmed dekking verskaf, word hieronder per voordele-opsie uiteengesit.
Let wel: Sommige dienste wat hieronder vermeld word, mag aan voorafmagtiging, kliniese protokolle, formulariums, befondsingsriglyne en die medisyneverwysingsprys (Mediscor Reference Price/MRP) onderhewig wees.

<table>
<tr><th></th><th>Beat1</th><th>Beat2</th><th>Beat3</th><th>Beat4</th></tr>
<tr><td>Betaling van CSL</td><td colspan="4">100% Skematarief</td></tr>
<tr><td>Betaling van nie-CSL</td><td colspan="2">Geen voordeel</td><td colspan="2">85% Skematarief</td></tr>
<tr><td>Nie-formularium-bybetaling</td><td colspan="3">35%</td><td>30%</td></tr>
<tr><td>Aantal nie-CSL-siektetoestande wat gedek word</td><td colspan="2">0</td><td>5</td><td>16</td></tr>
<tr><td>CSL 1</td><td colspan="4">Addison se siekte</td></tr>
<tr><td>CSL 2</td><td colspan="4">Asma</td></tr>
<tr><td>CSL 3</td><td colspan="4">Bipolêre gemoedsversteuring</td></tr>
<tr><td>CSL 4</td><td colspan="4">Brongiëktase (Lugpypverwyding)</td></tr>
<tr><td>CSL 5</td><td colspan="4">Kardiomiopatie (Hartspiersiektes)</td></tr>
<tr><td>CSL 6</td><td colspan="4">Chroniese nierversaking</td></tr>
<tr><td>CSL 7</td><td colspan="4">Chroniese obstruktiewe pulmonêre siekte (COPS)</td></tr>
<tr><td>CSL 8</td><td colspan="4">Kongestiewe hartversaking</td></tr>
<tr><td>CSL 9</td><td colspan="4">Kroonslagaarsiekte</td></tr>
<tr><td>CSL 10</td><td colspan="4">Crohn se siekte</td></tr>
<tr><td>CSL 11</td><td colspan="4">Diabetes insipidus</td></tr>
<tr><td>CSL 12</td><td colspan="4">Diabetes mellitus Tipe 1</td></tr>
<tr><td>CSL 13</td><td colspan="4">Diabetes mellitus Tipe 2</td></tr>
<tr><td>CSL 14</td><td colspan="4">Disritmie</td></tr>
<tr><td>CSL 15</td><td colspan="4">Epilepsie</td></tr>
<tr><td>CSL 16</td><td colspan="4">Gloukoom</td></tr>
<tr><td>CSL 17</td><td colspan="4">Hemofilie</td></tr>
<tr><td>CSL 18</td><td colspan="4">MIV/Vigs</td></tr>
<tr><td>CSL 19</td><td colspan="4">Hiperlipidemie</td></tr>
<tr><td>CSL 20</td><td colspan="4">Hipertensie</td></tr>
<tr><td>CSL 21</td><td colspan="4">Hipotireose</td></tr>
<tr><td>CSL 22</td><td colspan="4">Meervoudige sklerose</td></tr>
<tr><td>CSL 23</td><td colspan="4">Parkinson se siekte</td></tr>
<tr><td>CSL 24</td><td colspan="4">Rumatoïede artritis</td></tr>
<tr><td>CSL 25</td><td colspan="4">Skisofrenie</td></tr>
<tr><td>CSL 26</td><td colspan="4">Sistemiese lupus eritematose (SLE)</td></tr>
<tr><td>CSL 27</td><td colspan="4">Ulseratiewe kolitis</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 1</td><td colspan="2"></td><td colspan="2">Aknee – Ernstig</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 2</td><td colspan="2"></td><td colspan="2">Aandagafleibaarheid/<br>Aandagafleibaarheid-hiperaktiwiteitsindroom (ADD/ADHD)</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 3</td><td colspan="2"></td><td colspan="2">Allergiese rhinitis</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 4</td><td colspan="2"></td><td colspan="2">Ekseem</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 5</td><td colspan="2"></td><td colspan="2">Migraine-profilakse</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 6</td><td colspan="3"></td><td>Jig-profilakse</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 7</td><td colspan="3"></td><td>Endometriose</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 8</td><td colspan="3"></td><td>Ernstige depressie</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 9</td><td colspan="3"></td><td>Chroniese anemie</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 10</td><td colspan="3"></td><td>Polisistiese ovariale sindroom</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 11</td><td colspan="3"></td><td>Graves se siekte</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 12</td><td colspan="3"></td><td>Obsessief-kompulsiewe steuring</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 13</td><td colspan="3"></td><td>Beroerte</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 14</td><td colspan="3"></td><td>Paraplegie/ Kwadruplegie<br>(Medisyne vir behandeling)</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 15</td><td colspan="3"></td><td>Pulmonale embolisme</td></tr>
<tr><td>Nie-CSL 16</td><td colspan="3"></td><td>Vroulike menopouse</td></tr>
</table>

# BestBaby-program

Met soveel dinge om te balanseer, is die BestBaby-program spesiaal ontwerp om nuwe ouers deur die hele swangerskap by te staan, sonder om 'n enkele, spesiale oomblik te mis. By Bestmed wil ons verseker dat julle die hele ervaring ten volle geniet.

Wanneer jy vir hierdie program registreer, ontvang jy die volgende ondersteuning en voordele:

- 'n 24-uur professionele mediese advieslyn.
- Weeklikse e-posse met nuttige inligting oor jou swangerskap, jou baba se ontwikkeling, hoe om ongemaklike simptome te hanteer asook waardevolle wenke.
- Nuwe pa's word ook betrek en ontvang elke tweede week 'n e-pos wat hulle op hoogte hou van die baba se ontwikkeling en ma se vordering.
- Om te verseker dat jou swangerskap reg afskop, sal jy 'n verwelkomingspakkie ontvang wat 'n insiggewende swangerskapboek oor al die fases van swangerskap en koopbewyses vir verskillende bababenodighede insluit. Ma en pa kan ook binne die eerste maand van registrasie 'n swangerskap-gesondheidspakkie, wat deur Fastmail versend word, verwag.
- Gedurende die tweede maand van ná registrasie sal ons 'n pragtige babasak, vol babaprodukte vir gebruik na die geboorte, by jou laat aflewer. Nuwe mamma's kan 'n sak vol wonderlike bederfprodukte verwag.

* Neem asseblief kennis dat jy eers na die 12de week van swangerskap vir hierdie program kan registreer.

**Jy kan geld bespaar deur voorafmagtiging te bekom vir beplande mediese prosedures wat in 'n hospitaal uitgevoer word.**



**Vroedvrou-ondersteunde geboortes word teen 100% van die Skematarief op alles Beat-opsies gedek.**

# Gesondheidsorgvoordele vir 2015

Ons is 'n skema wat namens sy lede deur lede bestuur word. Ons is verbind daartoe om te alle tye slegs gehaltediens aan ons kliënte te lewer én al hul verwagtinge te oortref.

Bestmed verskaf deur middel van ons tien unieke en buigsame voordele-opsies gesondheidsorgvoordele aan meer as 193 000 bevoordeeldes. Wat toegang tot gehalte gesondheidsorg betref, bied ons jou net die allerbeste.

Die **Beat-reeks**, wat in hierdie gids uiteengesit word, bied buigsame hospitaalvoordele vir alle Beat-opsies, met 'n beperkte spaarplan in sommige opsies, soos Beat2 en Beat3, om buite-hospitaaluitgawes te dek, terwyl Beat4 uitgebreide buite-hospitaaldekking bied.

Die **Pace-reeks** bied meer uitgebreide hospitaalvoordele, asook Skemafondse en 'n groter spaarplan om meer omvattende dekking vir buite-hospitaaluitgawes te verskaf. Die opsies in hierdie kategorie is Pace1, Pace2, Pace3 en Pace4.

Die **Pulse-reeks** bied volledige hospitaalvoordele en buite-hospitaalvoordele wat beide slegs deur aangewese netwerkverskaffers gebied word. Die opsies in hierdie kategorie is Pulse1 en Pulse2.

Vir volledige inligting rakende die verskillende opsies, raadpleeg asseblief die individuele produkbrosjures of besoek ons webtuiste by www.bestmed.co.za

# Bydraes

| | | Beat1 | | Beat2 | | Beat3 | | Beat4 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Nie-netwerk (NN)/ Netwerk (N)** | **NN** | **N** | **NN** | **N** | **NN** | **N** | **NN** |
| **HOOFLID** | **Risiko** | R1 046 | R941 | R1 055 | R950 | R1 629 | R1 466 | R2 347 |
| | **Spaarrekening** | R0 | R0 | R232 | R208 | R334 | R300 | R587 |
| | **Totaal** | **R1 046** | **R941** | **R1 287** | **R1 158** | **R1 963** | **R1 766** | **R2 934** |
| **VOLWASSE AFHANKLIKE** | **Risiko** | R812 | R731 | R820 | R738 | R1 157 | R1 042 | R1 938 |
| | **Spaarrekening** | R0 | R0 | R180 | R162 | R237 | R213 | R485 |
| | **Totaal** | **R812** | **R731** | **R1 000** | **R900** | **R1 394** | **R1 255** | **R2 423** |
| **KINDERAFHANKLIKE** | **Risiko** | R440 | R396 | R444 | R400 | R629 | R566 | R581 |
| | **Spaarrekening** | R0 | R0 | R98 | R88 | R129 | R116 | R145 |
| | **Totaal** | **R440** | **R396** | **R542** | **R488** | **R758** | **R682** | **R726** |
| | **Maksimumbydrae kinderafhanklikes*** | 4 | | | | | | |
| | **Erkenning as kinderafhanklike** | Onder 21, tensy geregistreerde student. | | | | | | |

* Jy betaal slegs vir 'n maksimum van vier kinders. Alle ander kinders sluit gratis as bevoordeeldes by die Skema aan.

**Afkortings**

ADV = Aangewese Diensverskaffer; CSL = Chroniese siektelys; DBC = Documentation Based Care (rugrehabilitasieprogram); L = Lid; L1+= Lid en gesin; MPV = Menslike papillomavirus; VMV = Voorgeskrewe minimum voordeel; VVN = Voorkeurverskaffernetwerk.

# Kontakbesonderhede

086 000 2378

service@bestmed.co.za

012 472 6500

www.bestmed.co.za

@BestmedSocial

www.facebook.com/
BestmedMedicalScheme

**SMS 'QUOTE' na 41631 en ons skakel u terug**

## INSTAPFASILITEIT

Blok A, Glenfield-kantoorpark
Oberonlaan 361
Faerie Glen
Pretoria
0081

## POSADRES

Posbus 2297
Arcadia
Pretoria
0001
Suid-Afrika

## ER24 EN INTERNASIONALE REISDEKKING

Tel: 084 124

## MAGTIGING VIR HOSPITAALOPNAME

Tel: 0800 22 0106
E-pos: authorisations@bestmed.co.za

## CHRONIESE MEDISYNE

Tel: 086 000 2378
E-pos: medicine@bestmed.co.za
Faks: 012 472 6760

## EISE

Tel: 086 000 2378
E-posl: service@bestmed.co.za (navrae)
claims@bestmed.co.za (eisindienings)

## BESTBABY

Registreer deur 0861 111 936 te skakel of e-pos u mediesefondsnommer na info@babyhealth.co.za

## BESTMED BLITSLYN, BESTUUR DEUR KPMG

Indien jy bewus is van enige bedrieglike, korrupte of onetiese praktyke waarby Bestmed se lede, diensverskaffers of werknemers betrokke is, rapporteer dit anoniem aan KPMG.

Blitslyn: 0801 11 02 10 tolvry vanaf enige Telkom-lyn
Faks: 0800 200 796
E-pos: fraud@kpmg.co.za
Posadres: KPMG Hotpost at BNT 371
Posbus 14671
Sinoville
0129

Vrywaring:
Al die 2015 produkinligting wat in hierdie brosjure verskaf word, is sonder voorstelling of waarborg – uitdruklik of geïmpliseer – en geen aanspreeklikheid met betrekking daartoe sal geheg word aan Bestmed Mediese Skema nie. Alle inligting oor die 2015 voordele-opsies en meegaande dienste, insluitend inligting ten opsigte van die terme en voorwaardes of enige ander aangeleenthede is onderhewig aan goedkeuring van die Raad op Mediese Skemas (RMS) en kan sonder kennisgewing met behoorlike inagneming van die RMS se verdere advies verander. Bestmed aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies (direk of indirek) of gevolglikhede wat uit inligting wat op hierdie brosjures of enige optrede en/of transaksies wat daaruit voorspruit nie.

Hierdie gids is gedruk in Maart 2015. Vir die jongste weergawe van hierdie gids besoek asseblief ons webtuiste by www.bestmed.co.za

©Bestmed Medical Scheme 2014
Bestmed Mediese Skema is 'n geregistreerde mediese skema (reg.nr. 1252) en gemagtigde finansiële diensverskaffer (FSP-nr. 44058).
705050 UP Beat AFR Vergelykende Gids 01/03/2015